WESSEL LEMMER en JOHN PURCHASE



# Betroubare inligting bemagtig graanbedryf

Die landbou word versterk deur organisasies wat sonder inmenging van die staat funksioneer, en seker maak die bedryf het toegang tot volledige inligting. Produsente moet dié platforms behoorlik tot hul voordeel gebruik. Sosialemediaplatforms bied nie altyd die antwoord nie.

**EKONOMIESE** stelsels in die wêreld sluit vryemark-ekonomieë aan die een kant van die spektrum en bevelsekonomieë aan die ander kant in.

Volgens die Fraser-instituut se verslag wat in September 2020 uitgereik is, is Hongkong (meeste vry) in die eerste plek uit 162 lande – weens inmenging van China kan sy posisie in die komende jare verswak – en Venezuela (minste vry) in die laaste plek. Singapoer is tweede en Suid-Afrika slegs in die 90ste plek. Ons vryemark-ekonomie vergelyk met dié van lande soos Tanzanië en die Russiese Federasie. Jy het reg gelees. Die graan-en-oliesaadsektor vaar heelwat beter as dít en vergelyk met die sektore van Eerstewêreldlande! Kom ons hou dit so.

Indien jou antwoord op die volgende vrae "die individuele produsent" is, beteken dit ons is in die landbou nog deel van 'n kosbare vryemarkstelsel.

- Wie besluit hoeveel graan en oliesade geproduseer moet word?
- Wie neem die meeste ekonomiese besluite in dié sektor?
- Wie beheer die hulpbronne soos grond en water om graan en oliesade te produseer?
- Wie besit hierdie hulpbronne?
- Wie ding mee om die besit van hierdie hulpbronne?

Omdat graan en oliesade in 'n vryemark-ekonomie geproduseer word, is hierdie ook waar:

- Verbruikers in Suid-Afrika het die grootste verskeidenheid voedselprodukte om van te kies.
- Verbruikers in Suid-Afrika het toegang tot die goedkoopste voedsel wêreldwyd.

Terwyl die landbou as deel van 'n vryemarkstelsel bogenoemde aan die verbruiker verseker, is die volgende van die grootste nadele van die vryemarkstelsel:

- Die inkomstegaping tussen arm en ryk is die grootste. Die meerderheid van 'n land se mense kan bepaal hoe welvaart (geld) en die produksie van goedere soos graan en oliesade en dienste onder mekaar versprei word. Werkloosheid beloop 58% onder die jeug (15-24 jaar).
- Die stelsel is onderhewig aan 'n siklus van groei en bloei. Weens die landbou se antisikliese aard presteer dié sektor nou puik, terwyl die res van die ekonomie bloei. Die landbou trek mense se aandag.

In die graan-en-oliesaadsektor sluit die dienste wat die vryemarkstelsel in die Suid-Afrikaanse landbou onderhou, onder meer in die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (Sagis), die Suid-Afrikaanse Graanlaboratorium (SAGL), Safex (JSE) en die graderingsfunksies wat deur opbergers (Agbiz Grain-lede) uitgevoer word. Ná deregulering is die dienste deur die private sektor in die landbou ingestel en word die dienste deur die private sektor gefinansier. Selfregulering om die vrye mark in stand te hou, het dus ná deregulering gevolg.

Diegene wat ons vooruitgegaan het, het dit as 'n bousteen vir die vrye mark in werking gestel. Van die strukture, soos Sagis, funksioneer sedert 1997 onafhanklik met die nodige statutêre ondersteuning, maar met geen staatsinmenging nie om sy funksies bo verdenking uit te voer.

## SAGIS SE WERKING

Om gelyke en regverdige deelname in 'n vryemarkstelsel te verseker, is dit noodsaaklik dat alle partye en belanghebbendes in die waardeketting oor toegang tot betroubare en onafhanklike inligting beskik. Derhalwe is Sagis in 1997 ná die deregulering van landboubemarking in Suid-Afrika gevestig om die graan-en-oliesaadbedryf van noodsaaklike markinligting te voorsien.

### Hoe word Sagis bemagtig om die inligting te bekom?

Markdeelnemers (medewerkers), soos opbergers, verwerkers, invoerders en uitvoerders van bogenoemde grane en oliesade word statutêr ingevolge die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte (Wet 47 van 1996) verplig om by Sagis te registreer en inligting te verskaf. 'n Medewerker wat nie die vereistes van die statutêre maatreël nakom nie, maak homself aan 'n oortreding skuldig en kan vervolg word.

### Hoeveel markdeelnemers verskaf inligting?

Die totale getal medewerkers verander voortdurend weens nuwe marktoetreders of bestaande maatskappye wat hul deure sluit. Afgesien van die medewerkers wat statutêr verplig is om inligting te verskaf, verskaf verskeie ander instellings inligting op 'n vrywillige grondslag. Dit word gebruik om inligting vir volledigheid en betroubaarheid voor die uitreiking daarvan te evalueer.

### Is inligting betroubaar?

Sagis voer deurlopend verskeie aksies uit om die betroubaarheid van die inligting te verifieer. Dit behels onder meer interne kontroles en kruisverwysings op die opgawes en in die rekenaarstelsel. Interne oudits word ook uitgevoer.

Inligting word ook geverifieer met data wat bekom word van niestatutêre verpligte bronne, soos hawe-instellings, die raad van toesig op die uitvoer van bederfbare produkte (PPECB), Spoornet en die departement van handel en nywerheid. Medewerkers se brondokumente word geoudit en Sagis se inspekteurs doen voorraadopnames.

Hou ook in gedagte dat Sagis se voorraadsyfer die fisieke voorraad is wat op 'n gegewe tydstip in kommersiële strukture opgeberg word. Hierdie voorraad is nie noodwendig beskikbaar vir bemarking nie omdat dit heelgraan en oliesade insluit wat reeds gekontrakteer is.

## MEDIAVRYHEID

Mediavryheid is een van die belangrikste boustene van ons demokrasie. Ons landbouleiers slaan ag daarop. Bring egter die sake wat op sosialemediaplatforms uitgedors word, na die georganiseerde landboustrukture sodat dit daar gedebatteer, gestaaf en getoets kan word. Moenie dat dit net op 'n sosialemediaplatform in die lug bly hang nie. Dit is nodig vir die integriteit van ons markplek. En dit is belangrik om ons vryemarkstelsel te versterk en aan te beweeg. **LBW**

*Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain. Dr. John Purchase is voorsitter van Sagis.*